

treklike uitgawe tot stand gekom waarvan die inhoud vandag nog met vrug en genot gelees kan word.

## **FLITSE UIT DIE UITGAWES VAN 1956**

Die eeufees van ons stad het verbygegaan. Die tyd het nie stilgestaan nie en steeds dringender word die stryd vir die behoud van ons erfenisse. Dit is die grondtoon van 'n redaksionele bydrae wat in die uitgawe van Oktober 1956 verskyn het, 'n lesenswaardige artikel waarin die toenmalige redakteur (dr. T. S. van Rooyen) verder o.m. verklaar het:

„The Association Old Pretoria was founded on the 22nd of March, 1948, with as principal aim the preservation of the past for the future of our city and district. This was as far as we know the only association of its kind at that time.”

In die uitgawe van Desember 1956 het die voorsitter die hoop uitgespreek dat die eerste Suid-Afrikaanse Opelugmuseum binne afsienbare tyd sou verrys en o.m. daaraan toegevoeg dat dié gedagte ongeveer drie jaar vantevore in die bestuurskring van die Genootskap ontstaan het. Prof. dr. F. J. du Toit Spies het verder op hierdie aangeleentheid ingegaan, terwyl die direkteur van die Nederlandse Opelugmuseum in sy bydrae „The Netherlands Open-Air Museum” die ontstaan en groei van dié inrigting geskets het.

Die jaar 1956 het ten einde geloop. Die eerste vyf jaar van die bestaan van die tydskrif het tot die verlede behoort.

## **UIT DIE SESDE JAARGANG**

In die eerste uitgawe van 1957 (nr.23, April) het die voorsitter, dr. W. H. J. Punt, lof toegeswaai aan dr. T. S. van Rooyen wat van 1952–1956 die redaksionele werksaamhede in verband met „Pretoriana” behartig het en sy opvolger, mnr. H. M. Rex, verwelkom. Mnr. Rex sou tot hede as redakteur van die tydskrif optree, wat van nou af drie keer per jaar sy verskyning sou maak.

'n Groot verskeidenheid kenmerk die inhoud van die eerste nommer van „Pretoriana” wat onder leiding van die nuwe redakteur verskyn het. Ons noem o.m. 'n ongetekende bydrae oor die besoek van Prins Bernhard van die Nederlande aan die Hoofstad en 'n besonder waardevolle artikel aangaande die groot onderskeiding wat 'n wêreldberoemde seun van Pretoria, Jacob Hendrik Pierneef, te beurt geval het toe hy deur die Universiteit van Pretoria met 'n ere-doktorsgraad vereer is (30.3.1957). Terselfdertyd het prof. dr. F. J. du Toit Spies met sy reeks waardevolle besonderhede, aan briewe ontleen, oor sir Arnold Theiler, die „vader van Onderstepoort”, begin. Sowel Pierneef as Theiler het deur hul skeppende arbeid die naam en faam van Pretoria tot ver oorkant die grense van ons land versprei. En aan hierdie twee verdienstelikes kan ons ongetwyfeld ook Klaas van Rijsse Jr., in lewe staatsampenaar en boukundige van



*H. M. REX*

*Redakteur/Editor, Pretoriana,  
1957-1960; 1962-1964, 1966; Sub-  
redakteur/Assistant Editor, 1961.*

formaat uit die dae van die ou Republiek, toevoeg. O.m. was hy die ontwerper van die sierlike kerkgebou van die Gereformeerde Gemeente van Pretoria in Kerkstraat-Wes wat, teenoor die voormalige Presidentswoning, nog steeds die bewondering afdwing van almal wat die boukuns van die verlede innig liefhet. Saam met 'n ander bekende boumeester, J. B. Wijers, was Van Rijsse ook verantwoordelik vir die ontwerp van die indrukwekkende kerkgebou van die Ned. Geref. Gemeente op die hoek van Bosman- en Vermeulenstraat.

Die tweede uitgawe van 1957 voer ons terug na die outydse Silverton waarvan David Alwyn Botha die eerste eenaar was en die historiese woning van Hans Heinrich Mundt, en na die voortsetting van die besonderhede oor dr. Arnold Theiler, die eerste Staatsveearts van die Zuid-Afrikaansche Republiek, terwyl besonderhede oor die Vrymesselaarsbeweging in die outydse Pretoria in dieselfde uitgawe voorkom.

Henk Pierneef is, so lees ons in die vyf-en-twintigste uitgawe van „Pretoriana” (Des. 1957) 'n paar maande gelede ter ruste gelê en in 'n kort, maar gevoelvolle bydrae het dr. Punt tot die gevolgtrekking gekom dat Pretoria en Suid-Afrika in hom 'n man verloor het wat ons land op kunsgebied 'n hoë aansien laat verwerf het.

In dieselfde uitgawe voer dr. H. Hanisch, 'n kenner van die plaaslike argeologie, ons terug na die ver verlede, na die ver vervloë eeue waarin klipwerktoeie op 'n groot skaal vervaardig is. Daaraan herinner die opspraakwekkende ontdekking deur dr. Hanisch van 'n groot hoeveelheid

klipwerk tuie naby die hedendaagse Wonderboom Hoërskool. Dr. Fitzsimons verstrek in dieselfde nommer besonderhede oor die Krugerhuismuseum, terwyl mnr. Rex herinneringe aan (prof.) Walter Battiss se sesjarige verblyf op Rustenburg (1923–1929) aan die lesers voorgelê en daarin o.m. vermeld het dat hierdie skilder in die loop van 1927 sy eerste kunsuitstalling op hierdie bekende Transvaalse dorp gehou het.

Dat die bestuur van die Genootskap ook sy deel tot die verfraaiing van die Hoofstad bygedra het, blyk uit die jaarlikse skooltuinewedstryd. In 1957 het die Pretoria Tuine-laerskool die wisselskild vir die tweede keer verower.

## **GENOOTSKAP OUD PRETORIA TIEN JAAR OUD**

Tien jaar gelede het 'n twintigtal Pretorianers byeengekom om sake in verband met die geskiedenis van ons stad te bespreek, aldus dr. Punt in die April-Augustusuitgawe van 1958 van „Pretoriana”. En het hy daaraan toegevoeg: „Uit die bespreking het dit geblyk dat die tyd ryp was om 'n liggaam in die lewe te roep wat oor die geskiedenis van Pretoria en distrik sou waak.” Van 22 stigterslede in 1948 het die ledetal van die Genootskap in 1958 tot ongeveer 200 aangegroei. Dr. Punt het op voortdurende waaksaamheid aangedring. Outydse wonings, die laaste herinneringe aan die rustige Pretoria van weleer, het aanhoudend verdwyn . . .

Van dr. G. v. W. Eybers is die volgende gedagtes in dieselfde uitgawe afkomstig: „There is great cause to take courage from the first ten years of the life of the Society Old Pretoria, for in those years we have become conscious of our purpose and we have begun to formulate our aims. Now we are girding our loins for their achievement.”

Die bekende, onlangs ontslape Pretoriase argitek, mnr. Norman Eaton, 'n besonder begaafde restourateur van ou geboue, het die vergaderdes op die herdenkingsbyeenkoms van die stigtingsaand van die Genootskap toegesprek oor die toekomstige Pretoria.

Besonderhede oor 'n simposium aangaande 'n geskikte terrein vir die Pretoriase Kunsmuseum kan in dieselfde uitgawe aangetref word. Tydens hierdie bespreking is 'n pleidooi gelewer ten gunste van Arcadiapark. In dié verband het mnr. J. J. de Jong, seun van die boukontraakteur wat in 1925 verantwoordelik was vir die oprigting van die Krugerstandbeeld voor die stasie, o.m. verklaar: „Ek wil dan ook by hierdie geleentheid die hoop en vertroue uitspreek dat die gebou in elke opsig 'n pronkstuk en 'n juweel sal wees.’ ’ Die Kunsmuseum het verrys. Hoeveel Pretorianers onthou nog dat die Genootskap ook aandag aan hierdie onderwerp geskenk het?

Op watter wyse die Staatsbiblioteek tot stand gekom en gegroei het, is deur dr. G. v. W. Eybers in dieselfde uitgawe beskrywe, terwyl dr. Punt besonderhede oor 'n inspeksieverslag van Pretoriase plase van 1841 verstrek het. In hierdie verslag verskyn die name van die eerste eienaars van plase in die distrik Pretoria. So was D. J. Erasmus „de Oude” eienaar van Swartkop en het die plaas „de onderste Poort”, wat op 10 Augustus 1841

deur G. J. Kruger, M. J. Redelinghuys en W. J. Grobber geïnspekteer is, aan Susara Magritha Jacobs behoort.

In dieselfde jaargang (nr. 28) kan nie alleen die geskiedenis van die bekende „Eendrachtschool” nagegaan word nie, maar ook die verlede van die bekende Fontaine. Dr. W. J. de Kock het die lesers teruggevoer na die gedenkwaardige dag waarop die Vrede van Vereniging in die bekende Melrosehuis, die lusoord van mnr. George Heys, onderteken is. Dr. Bigalke het in sy bydrae „History of the National Zoological Gardens” veral nadruk op die verdienstes van dr. J. W. B. Gunning gelê terwyl H. M. Rex die vestiging van die Indiërs op Pretoria toegelig het.

So het 'n jaar vol bedrywighede in die geskiedenis van die Genootskap ten einde geloop. Die ledetal het op 170 te staan gekom, 13 skole het vir die tuinewedstryd ingeskryf, werksaamhede in verband met die verkryging van 'n opelugmuseum is voortgesit, prof. dr. S. P. Engelbrecht het die lede oor die verlede van die Hoofstad toegespreek . . . „Pretoriana” het tien jaar bestaan en in April 1959 het die nege-en-twintigste uitgawe in die Victoriadrukkery tot stand gekom.

## **'N JAAR VOL VERANDERINGS**


Die jaar 1959 was, met betrekking tot die bestuur van die Genootskap vol veranderings. Nadat die voorsitter, dr. Punt, deur die Transvaalse Onderwysdepartement vir die tydperk van ses maande gesekondeer is na die pasgestigte Stigting Simon van der Stel, het sy aftrede as eerste voorsitter van die Genootskap in die loop van dieselfde jaar gevolg.

Van die aftredende voorsitter het mej. J. H. Davies o.m. getuig: „Without in any way being an autocrat Dr. Punt supplied the motive power for the committee: most of the ideas were his and, what is more, he was always willing to do the lion's share of the work involved in carrying them out . . . I feel sure that we shall remember with gratitude all that he has done for the Association Old Pretoria and that our good wishes will follow him in his new work. May the Simon van der Stel Foundation go from strength to strength!”

Ook prof. dr. F. J. du Toit Spies het die verdienstes van die aftredende voorsitter geskets terwyl sy opvolger, dr. G. v. W. Eybers, in dieselfde verband o.m. verklaar het: „Sy belangstelling in ons ryke volksverlede is grenseloos, sy energie en werkvermoë is eindeloos . . . Gelukkig is die liggaam aan wie dr. Punt sy hulp verleen en gelukkig is die Volk van Suid-Afrika by wie hy hom onvoorwaardelik in diens gestel het. Ons het meer sulke manne nodig.” Dr. Punt het 'n bestuurslid gebly en aan die einde van 1959 was die Genootskap se bestuur soos volg saamgestel: Dr. G. v. W. Eybers, voorsitter; mej. J. H. Davies, ondervoorsitster; dr. J. M. H. van Aardt, sekretaris; mnr. G. Rissik, penningmeester; mnr. A. M. Davey, argivaris; mnr. H. M. Rex, redakteur; dr. W. H. J. Punt, mnr. J. Preller en N. A. Coetzee, dr. W. J. de Kock, lede; en burgemeester dr. J. C. Otto verteenwoordiger van die Stadsraad.



*Dr. WILLEM PUNT.*  
*Stigter en Eerste Voorsitter, Genootskap Oud-Pretoria.*  
*Founder and First Chairman, Old Pretoria Society.*



### **1860 - 1910 - 1960**

Pretoria het feesgevier, feesgevier omdat dit 'n eeu gelede was dat die toenmalige klein Voortrekkerdorpie tot setelplaas van die Regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek verhef is, feesgevier omdat die jong stad in 1910 aangewys is as die administratiewe hoofstad van die jong Unie van Suid-Afrika. En in 1960 het dieselfde Unie reeds weer vyftig jaar bestaan. Die bestuur van die Genootskap, die redakteur en verskillende medewerkers was vasbeslote om hierdie drievoudige jubeljaar nie onopgemerk te laat verbygaan nie. Die resultaat van hierdie gedagte was 'n uitgawe van „Pretoriana” van 132 bladsye, 'n puik uitgawe waartoe die Stadsraad van Pretoria bo en behalwe die gewone jaarlikse geldelike toekenning nog 'n bedrag van £100 bygedra het.

Dit sou ons te ver voer om al die bydraes en skrywers te noem. Neem hire die uitgawe (nrs. 32 en 33) selfs nou, ruim ses jaar na sy verskyning ter hand en oortuig uself. Vir 'n aantal bestuurslede van die Genootskap was 1960 ook 'n jaar om te onthou. Mnr. N. A. Coetzee het sy doktorsgraad verwerf, mnr. J. F. Preller is bevorder tot Eerste Argivaris, dr. W. J. de Kock is aangestel as hoogleraar aan die kollege van Wes-Kaapland. Dr. Punt is aangestel as direkteur van die Stigting waarvan hy vandag nog die stukrag is, terwyl mnr. A. M. Davey sy aanstelling as senior-lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika ontvang het.

Andersyds moes die Genootskap van nou af die dienste van sy bekwame sekretaris, prof. dr. F. J. du Toit Spies, ontbeer. Meer as tien jaar het prof. Spies die Genootskap op 'n uitstekende wyse gedien, terwyl sy waardevolle bydraes steeds groot belangstelling geniet het. Dr. van Aardt het die afgetrede sekretaris opgevolg.

Die reeds genoemde uitgawe van „Pretoriana” het die Genootskap tydelik in 'n moeilike geldelike toestand laat beland. Op die reuse-uitgawe het nr. 34 gevolg, 'n uitgawe waarin o.m. die oprigting van gedenkplate op Pretoria bepleit is, 'n gedagte wat byna ses jaar later vir die eerste keer

deur die Genootskap verweselik kon word. In dieselfde uitgawe het dr. L. E. Codd oor die onderwerp „The Flora of Pretoria” geskrywe en is deur mnr. H. M. Rex die historiese besienswaardighede in en rondom Pretoria geskets. In dieselfde uitgawe is laasgenoemde skrywer gelukkig met sy publikasie „Pretoria—Van Kerkplaas tot Regeringsetel 1838–1860,” dr. T. S. van Rooyen met sy aanstelling as senior-lektor aan die Universiteit van Pretoria en mnre. G. Rissik en Norman Eaton met toekennings in die vorm van ’n silwermedalje en die erepenning van die Suid-Afrikaase Akademie. Die voorsitter, dr. G. v. W. Eybers, kon in sy jaarverslag die heuglike nuus meedel dat die ledetal die 200-kerf verder oorskry en dat die pogings om ’n opelugmuseum vir Pretoria te verkry, verder gevorder het.

## **'N REGISTER EN 'N AANTAL WAARDEVOLLE VONDSTE**

In 1961 het die bestuur van die Genootskap besluit om ’n register te publiseer wat die inhoud van die vorige tien jaargange van „Pretoriana” op ’n voortreflike wyse dek, terwyl mnr. T. E. Andrews ’n aantal voorstedelike name soos Annlin, Claudius, Erasmia, Eldoraigue en Meyerspark, met betrekking tot hul herkoms, op ’n besonder bekwame wyse verduidelik het. Mnr. Davey het in dieselfde uitgawe van „Pretoriana” (nr. 35), aandag op die Ryalldokumente, die Faulknerfoto’s en die nagelate handelsaantekeninge e.d.m. gevestig wat kort na ’n verwoestende brand in die voormalige woning van Bras de Pereira aangetref en gelukkig gered kon word.

In die loop van dieselfde jaar het die bestuur planne beraam om die oorblyfsels van laasgenoemde outydse Pretoriase woning te red. Die toenmalige verkeersplan van Pretoria en die toekoms van Kerkplein het ruimskoots aandag geniet, terwyl die tekort aan fondse met betrekking tot die voorkoms van die tydskrif geleidelik iets van die verlede begin word het. In 1962 sou die ou voorkoms weer herlewe en het gedrukte en verlugte uitgawes weer hul verskyning begin maak. Die ledetal van die Genootskap het tot 240 gestyg, dr. Eybers het sy werksaamhede as voorsitter voortgesit en is deur mnr. Normal Eaton as vise-voorsitter bygestaan. Mnr. G. Rissik (penningmeester), dr. Punt, dr. A. N. Coetzee, dr. T. S. van Rooyen en mnr. J. F. Preller was ou, bekende bestuurslede; mnr. J. D. Bodel het die sekretariële werksaamhede behartig, mnr. Davey het as redakteur en mnr. Rex as assistent-redakteur opgetree, mnr. T. E. Andrews was sakebestuurder en maj. H. de V. du Toit het die Genootskap as argivaris gedien.

## **VERKEERSPLANNE EN BEKENDE PRETORIANERS**

’n Gedeelte van die inhoud van nr. 38 van „Pretoriana” (April 1962) is gewy aan ’n bespreking aangaande die toenmalige verkeersplan van Pretoria wat tydens ’n spesiale algemene vergadering van die Genootskap, op 23 Februarie 1962 gehou is en waaraan o.m. die toentertydse burgemeester, raadslid T. H. Janse van Vuuren, deelgeneem het. In dieselfde uitgawe verskyn, van die hand van dr. J. J. N. Cloete, ’n memorandum of liewers ’n kommentaar oor die plan wat hy vir die Genootskap opgestel het.